

28 Mei - HOUT

Skrifgedeelte: Esegiël 37:15-28
Fokusgedeelte: Esegiël 37:18-19

Die ballingskapsprofeet staan met hout in die hand by die Kebarrivier voor die verstrooides en uitmekaar-geslaandes van sy volk. Hy moet die planke laat praat: "Sien julle hierdie hout met die twee J-name daarop, die Josephhout en die Judahout? Die Here sê Hy maak daarvan een stuk in sy hand, om daarmee te sê:

"Julle is my volk, volk uit een stuk. Julle is 'n ryk onder één koning, dié uit die geslag van Dawid. Want my ryk gaan bo die splinters van politieke partye en wêreldkoninkrykies uit. In julle bittere verdeeldheid kom sê Ek deur my profeet vir julle dat my ryk nie in homself verdeeld kan wees nie. Al is julle twee ryke, in ballingskap verstrooi, bou Ek een ryk."

Die een uit die geslag van Dawid is die Een wat gekom het volgens die Verbondsgod se beloftes, en sy troon wyk nie (Ps 89). Dit is Hy wat onder swaar balke, swaarder as die Josephhout en die Judahout, kom inbuk het. Dit is Hy wat God se verstrooiende kinders uit alle wêreldlande en -ryke met die skawende balke op sy skouer saamgevoeg het.

Die profeet met die hout in die hand getuig so van die Dawidseun met en aan die hout op die heuwel. Hy maak ons 'n volk – dit is die heling van sy heiligende houtwerk! – om kinders van die totale Israel-volk uit alle tale en nasies te wees, 'n volk uit een stuk.

Sien ons in ons onderlinge ver(ge)skille nog die drabalkie van God se liefde, saamgevoeg in een kruis? Word die styl van die profeet met die hout in die hand en die styl van die Seun aan die hout op die heuwel deur ons in hierdie splinterwêreld geopenbaar? Is ons in die wêreld met 'n styl wat nie ván hierdie stukkende wêreld is nie?

Gelowiges is één in die ryk van die één God wat die Josephhout en die Judahout in sy hand een gemaak het, omdat Hy uit sy *hart* beide liefhet.

Mag die Heilige Gees ons lei om vandag die evangelie van soliede eenheid te leef.

Sing: Psalm 119:1-22, 29 (1936-beryming)

Ds JP Bingle (Emeritus)